

29 Maart

Johannes 19:17-27, (Teks: 19:26, 27)

Sorgsame liefde

Jy het al swaar gekry. Jy onthou dit goed. Een van die dinge wat dan met ons gebeur: Ons raak sterk op onself gerig. Ons is bewus van die pyn. Die wrange gedagtes neem ons heeltemal in beslag. Ons verval in selfbejammering. En hoe meer selfgerig ons word, hoe minder sien ons die nood om ons raak. Dit maak die sorgsaamheid van Christus aan die kruis iets so heel besonders.

Die vorige aand het sy sweet soos bloeddruppels in die grond geplof. Dit was 'n ontsettende angsvolle pad wat Hy as gevolg van ons sondes moes loop. Aan die kruis boet Hy ten volle. Vlak voor Hom lê 'n drie-uur lange duisternis met helse smarte. Nogtans bid Hy vir sy vyande. Hy ontferm Hom oor sy mede-gekruisigde. Hy sien die nood van sy verwese moeder aan die voet van die kruis raak. Self in die grootste sielsbenoudheid tref Hy nog die laaste reëlins: "Daar is u seun", "Daar is jou moeder." Hierdie Jesus Christus woon vandag deur die geloof in ons harte (Ef. 3:17). Daarom is ons in die liefde gewortel en gegrondves. Alles in ons dra die stempel van Christus-liefde. Hierdie liefde word nooit selfgerig nie - al gaan dit hoe swaar! Hierdie liefde sien nood raak en reik uit na mense wat in nood verkeer. Is dit 'n getroue portret van jou lewe.

Om ten spyte van eie swaar, nog om te gee en uit te reik na ander?

Sing: Skrifberyming 6:3

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)